

Toe God die wêreld gemaak het

(GENESIS 1-2)

In die begin het net God bestaan. God het gesê: "Ek wil 'n pragtige wêreld skep!" Toe maak Hy blomme en bome, die son en die sterre, en al die diere.

Heel laaste het God vir Adam, 'n man, en Eva, 'n vrou, geskep.

God het alles in net ses dae gemaak. Hy het gekyk na alles wat Hy gemaak het en gesê: "Dit is baie goed!"




Noag se ark


(GENESIS 6-9)

God het vir Noag gesê hy moet 'n ark bou. 'n Ark is 'n baie groot boot. God het gesê: "Die ark moet so groot wees dat jy, jou familie, en 'n mannetjie en wyfie van al die diere daarin kan pas. Ek sal vir jou

sê hoe jy dit moet bou. Dan sal julle almal veilig wees daarin wanneer die vloed kom wat Ek oor die aarde sal stuur."

Toe het dit vir 40 dae en 40 nagte gereën. Selfs die bergtoppe was onder water! Maar Noag en sy familie en al die diere in die ark was veilig.





'n Hoë toring

(GENESIS 11)

Op 'n dag het 'n klomp mense in 'n stad bymekaargekom. In daardie tyd het al die mense dieselfde taal gepraat. Hulle het gesê: "Kom ons bou 'n toring wat so hoog is dat dit aan die hemel raak. Dan sal al die mense wat ná ons leef, ons altyd onthou as die slimste, sterkste mense wat nog ooit geleef het."

Maar God wou nie hê die mense moes die toring bou nie. Toe gee Hy vir al die mense nuwe tale. Die mense kon nie meer verstaan wat hulle vir mekaar sê nie, en daarom kon hulle nie die toring klaar bou nie.